


## GIDEON ELS


Gideon Els studeer aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) en die Universiteit van Johannesburg (UJ) en behaal doktorsgrade in Ekonomie en Ouditkunde. Hy is sedert 2005 'n dosent en medeprofessor in Rekeningkunde by die UJ. Sy navorsing fokus op Besigheidsgeskiedenis, Finansiële Bestuur, Finansiële Verslagdoening en Navorsingsmetodologie. Hy is die outeur van vele sekondêre en tersiêre handboeke in die velde van Finansiële Rekeningkunde, Koste- en Bestuursrekeningkunde asook Finansiële Bestuur. Hy is verder die redakteur van twee geakkrediteerde vaktydskrifte. Gideon ontvang orrelles by Mnr Adriaan Boot en verdere onderrig by Mej Susan Engelbrecht aan die Konservatorium vir Kerkmusiek. Hy was onafgebroke vir amper 26 jaar orrelis by NG Farramere/Jubilate in Benoni en vanaf Januarie 2019 is hy voltyds by NH Benoryn (in Benoni) as orrelis betrokke.


Departement Rekeningkunde
Universiteit van Johannesburg
gideone@uj.ac.za


# DIE GEBRUIK VAN DIE DELPHI-TEGNIEK IN DIE BEPALING VAN ONS MEES GELIEFDE KERKLIED

'n Metodiese oorsig

## OPSOMMING

Hierdie artikel verskaf 'n uiteensetting van die proses, uitslae en ervaring van die navorser met die gebruikmaking van die Delphi-tegniek ten einde die mees geliefde kerklied in Afrikaanssprekende gemeentes te bepaal. Daar word aandag gegee aan aspekte soos die keuse van metode en paneel van kundiges, ontwerp van vraelyste, interaksie tussen die navorsingskoördineerder en respondente, en ook die ontleding van die paneel van kundiges se response. Sommige van die uitdagings tydens die opname, die manier waarop dit hanteer is, en risikoverminderingstrategieë wat deur die navorsingskoördineerder gebruik is, word ook uitgelig. Verder dra die artikel by tot die metodologiese debat in die Kerkmusiek-navorsingsveld. Die aanbieding van die statistiese resultate sal in 'n opvolgartikel bespreek word.



## ABSTRACT

This article provides an exposition of the process, results and experience of the researcher using the Delphi technique in order to determine the most beloved church song/hymn in Afrikaans-speaking congregations. Attention is paid to aspects such as the choice of method, choice of experts, questionnaire design, interaction between the research coordinator and respondents, and also the analysis of the panel of experts' responses. Some of the challenges during the survey, the way it was handled, and risk-reduction strategies used by the research coordinator are also highlighted. This article furthermore contributes to the methodological debate in the research field of Church Music. The presentation of the statistical results will be discussed in a follow-up article.



**Sleutelwoorde:** Delphi-tegniek, kerklied

# 1. INLEIDING

So, wat is die mees geliefde kerklied in die onderskeie Afrikaanssprekende gemeentes in Suid-Afrika? Die navorser het self oor hierdie vraag nagedink toe hy op die BBC webtuiste lees dat die BBC elke vyf jaar of so hul luisteraars vra om hul gunstelingkerklied te kies. Op Oujaarsaand van daardie jaar is daar dan 'n konsert in die Royal Albert Hall waar dié 'Top 10'-kerkliedere met groot fanfare bekend gemaak word.

Met die goedgunstige ondersteuning van die Suider-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrelistevereniging (SAKOV), het die navorser besluit om hierdie projek aan te pak om sodoende te probeer vasstel wat is Afrikaanssprekende gemeentes in Suid-Afrika se gunstelingkerklied.

Die ooglopende probleem met so 'n unieke navorsingsidee is waar om te begin met die keuse van hierdie 'gunstelingkerkliedere'? Ten einde 'n werkbare populasie van kerkliedere te bepaal is daar eerstens besluit om net te fokus op die liedereskat wat in die onderskeie Afrikaanse Protestantse Kerke (insluitend die drie susterskerke) in Suid-Afrika gebruik word.[1]

Tweedens moes die populasie van kerkliedere in die kerke bepaal word. Indien jy net al die 'amptelike' kerkliedere (m.a.w. liedere uit die *Liedboek van die Kerk* (2001); *Psalmboek* (2003); Die Projekspan vir Nuwe Musiek, of meer bekend as 'FLAM' (2020); en die Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek, of meer bekend as 'VONKK' (2020)) wat moontlik in Afrikaanssprekende gemeentes gesing kan word bymekaar tel, is daar oor die 1 650 liedere om van te kies en dit is onmoontlik om 'n ingeligte keuse uit so 'n groot populasie te maak. Sedert Mei 2020 het die navorser deur middel van die Delphi-tegniek en 'n paneel kundiges, 'n konsensussteekproef van kerkliedere probeer saamstel.

Die doel van hierdie artikel is dus om op 'n narratiewe wyse die proses, uitslae en ervaring van die navorser weer te gee in die gebruikmaking van die Delphi-tegniek om hierdie konsensussteekproef van liedere te bepaal. Daar sal aandag gegee word aan aspekte soos die keuse van metode en paneel van kundiges, die

---

[1] Alhoewel die Nuwe Apostoliese Kerk in Suid-Afrika wel 'n *Afrikaanse Gesangeboek* in 2017 vrygestel het, het die outeur nie hierdie liedere in die populasie van kerkliedere ingesluit nie, aangesien die navorsing merendeels op die Afrikaanse 'Susterskerke' gefokus het (https://nac.today/en/a/503608).

ontwerp van die vraelyste en ook die ontleding van kundiges se response.

Die navorsingsproses asook die resultate in die bepaling van die 'gunstelingkerklied' uit hierdie steekproef, sal in 'n verdere artikel bespreek word.

## 2. 'N KORT OORSIG OOR DIE AFRIKAANSE KERKLIED – TWEESPALT TUSSEN TRADISIONEEL EN KONTEMPORÊR

Om deur middel van die navorsing te bepaal watter kerkliedere lidmate in Afrikaanssprekende gemeentes se gunstelinge is, het die navorser gebruik gemaak van die bekendste bronne van kerkliedere wat gebruik word. Dit het ingesluit:

- *Liedboek van die Kerk* (2001)
- *Psalmboek* (2003)
- *VONKK*-liedere (2020) (aanlyn beskikbaar soos op 31 Mei 2020)
- *FLAM*-liedere (2020) (aanlyn beskikbaar soos op 31 Mei 2020)

Nie net het die kwantum van liedere wat beskikbaar was vir moontlike keuse 'n tekortkoming in die navorsing teweeg gebring nie, maar was die keuse tussen tradisionele en kontemporêre liedere ook problematies, soos tereg deur die literatuur uitgewys is.

Net soos wat debatte oor politiek en godsdiens mense warm onder die kiewe maak, kan die debat oor die 'kerklied' lidmate se hare laat rys. Meer as dertig jaar gelede het Van Wyk (1983:65) hierdie tweespalt verwoord as: "Tussen vernuwing en tradisie. So kan ons die spanningsveld waarin die kerklied leef, beskryf."

Papenfus (1994) het ook gesinspeel op vernuwing van die kerklied met wat sy genoem het die gebruik van die 'informele kerklied' tesame met die 'tradisionele kerklied'. Kloppers (2003) dui aan dat die proses van vernuwing van die kerklied alreeds begin plaasvind het met die publisering van die *Liedboek van die Kerk* in 2001 deurdat dit verskeie liedvorms en -style geakkommodeer het.

Die vernuwing van die kerklied, en in die besonder die Afrikaanse kerklied, het in rasse skrede vooruitgegaan met die daarstelling van VONKK en FLAM. Nadat lidmate aangedui het dat die *Liedboek van die Kerk* (2001) nie genoeg kontemporêre musiek bevat nie, het die Algemene Sinode van die NG Kerk in

2002 'n projekspan daargestel wat getaak is om nuwe Afrikaanse kontemporêre kerkmusiek op 'n voortdurende basis te skep en te bevorder. Die Projekspan het later as FLAM bekend gestaan (FLAM, 2020).

Volgens die 2007 Algemene Sinode van die NG Kerk is VONKK, of te wel die Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek, se doel om "... voortdurend nuwe en ook inheemse [klassieke] kerkmusiek [te] skep en versamel ..." in aansluiting by die kerkliedere soos vervat in die *Liedboek van die Kerk* (VONKK, 2020). Sedert 2016 is die Nederduitsch Hervormde Kerk ook 'n volwaardige vennoot van VONKK (VONKK, 2020).

Die vernuwing van die kerklied word egter nie deur almal in 'n positiewe lig beskou nie. In die vorige eeu het Huisamen (1997) die tradisionele kerklied se voortbestaan betwis terwyl Heyns (1988), Troskie (1992), Van der Merwe (1993) en Temmingh (1993) die uitermate kontemporêre styl van kerkmusiek ten sterkste gekritiseer het.

Kruger (2007) verwys na die groei in die aantal kerkliedere wat nou beskikbaar is asook die verskeie musiekstyle wat hierdie kerkliedere verwoord. Sy dui ook egter aan dat net sowat 9% van alle kerkliedere wat sedert die Reformasie ontstaan het, die toets van die tyd deurstaan het (Kruger, 2007:652).

Volgens Kruger (2007) verwag die moderne kerkganger dat die kerklied 'n [konstante] vernuwing moet ondergaan. Dit bring egter mee dat die "persoonlike smaak en kultuur van die lidmaat ..." nou ook in ag geneem moet word (Kruger, 2007:651). Sy voeg dan by dat dit onomwonde beteken dat lidmate gaan verskil oor wat vir hulle aanvaarbaar is, al dan nie.

Wat die debat oor die kerklied dus nog meer ingewikkeld maak, is die argument oor die sekulêre teenoor die geestelike of sakrale (Kruger, 2007:657). Viljoen (2006:760) verwoord liturgiese musiek as 'n 'brandpunt' binne die kerk, maar is ook van mening dat die invloed van die charismatiese musiekstyl van die hedendaagse kerklied nie geïgnoreer kan word nie.

Net soos wat Viljoen (2006) (en verskeie ander skrywers) ook gewys het op die funksie van die kerklied, beskou Van Rooy (2013) die kerklied as 'n modus van kommunikasie deur middel van woord en melodie. Dit is juis hierdie vorm van 'tradisionele' of 'kontemporêre' kommunikasie wat vir baie lidmate soms 'n probleem is.

Dit is nie die doelwit van hierdie artikel om die wesenswaarde van die kerklied *per se* te bespreek nie. Wat meer van toepassing is, is hoe lidmate in Afrikaanssprekende gemeentes die kerklied *ervaar* en *aanvaar* en daarmee saam 'n uitspraak kan lewer oor watter van die groot aantal liedere hul gunsteling is. Verder moet dit ook duidelik gestel word dat hierdie navorsing nie ten doel gehad het om die onderskeie bronne van die kerklied teenoor mekaar af te speel nie.

# 3. NAVORSINGSMETODE EN –METODIEK

## 3.1 Agtergrond

Al mag die gemiddelde kerkganger in Afrikaanssprekende gemeentes in Suid-Afrika nie soseer kundiges op die gebiede van teologie en musiekwetenskap wees nie, het hulle weliswaar 'n besliste gevoel van wat hulle beskou as hul 'mees geliefde kerkliedere'. Omdat daar egter 'n groot mate van subjektiwiteit in so 'n navorsingsprojek betrokke kan wees, het die navorser dus besef dat daar van statisties beproefde navorsingsmetodes gebruik gemaak moet word om geldigheid en betroubaarheid te behou.

Die volledige navorsingsprojek is in drie fases verdeel – met Fase 1 het die navorser van 'n klein gekose groep respondente gebruik gemaak as deel van 'n loodsstudie om die inhoudsgeldigheid van die navorsing te toets.

In Fase 2 van die navorsingsproses het die navorser van die Delphi-tegniek asook van 'n paneel van kundiges gebruik gemaak. Die Delphi-tegniek is 'n algemeen aanvaarde navorsingsmetodiek wat gebruik word vir die voorspelling van uitkomste gebaseer op die resultate van vraelyste wat in verskeie rondtes aan 'n paneel kundiges gestuur word (Hirschhorn, 2019; Sekayi & Kennedy, 2017).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing het die paneel van kundiges bestaan uit 'n beduidende steekproef van leraars, orreliste, pianiste, musiekkoördineerders, musiekleiers, lede van instrumentale begeleidingsgroepe (*bands*) en kerkmusiekkenners. Die paneel van kundiges het drie vraelyste oor 'n maksimum periode van twee maande ontvang wat hulle moes voltooi ten einde die finale konsensussteekproef van kerkliedere te bepaal wat die navorser dan gebruik het in die derde fase van die navorsingsprojek.

Vir die doeleindes van hierdie artikel word daar net gefokus op die eerste twee fases van die navorsingsprojek.

### 3.2 Steekproefmetode

Vir die doeleindes van hierdie navorsingsprojek is daar van nie-waarskynlikheidsteekproefneming gebruik gemaak, aangesien deelname aan die studie vrywillig was en die waarskynlikheid dat 'n lid van die teikenpopulasie gereageer het, onbekend was.

### 3.3 Aspekte van vooroordeel

In 'n subjektiewe navorsingsprojek soos hierdie, is dit belangrik om sekere waardes rakende die beheer van vooroordeel, die behoud van objektiwiteit tydens die navorsingsproses en gevolgtrekkings uit die studie in gedagte te hou (Collis & Hussey, 2009).

Verskeie 'foute' en vooroordele kan moontlik ontstaan as daar van elektroniese vraelyste gebruik gemaak word. In hierdie studie is daar duidelik pogings aangewend om aandag aan nie-dekking, steekproefraamsydigheid, item-nie-reaksie, uitvalkoers, sosiale wenslikheidsvooroordeel en selfseleksiesydigheid te gee.

Nie-dekking verwys na die gebrek aan internettoegang (Couper et al., 2007). Fan en Yan (2010) het verduidelik dat dekkingsfoute kan lei tot 'n nie-verteenwoordigende steekproef van die teikenpopulasie en as gevolg daarvan kan die bevindings nie veralgemeen word nie. Vraelyste wat per e-pos versprei word kan ook 'n vooroordeel van steekproefvoorstelling lewer, aangesien sommige respondente moontlik nie internettoegang het nie (Dodge & Chapman, 2018). Vir die doeleindes van hierdie navorsingsprojek is daar van die amptelike SAKOV-lededatabasis gebruik gemaak waar lede se e-posadresse aangedui word. In gevalle waar nie-SAKOV-lede deur middel van 'n e-pos geteiken is, het die navorser 'n geldige e-posadres vir die respondent gehad. Die gebrek aan internettoegang tot die onderskeie VONKK- en FLAM-liedere kon moontlik tot nadeel van sommige respondente gewees het. In gemeentes waar die liedere wel gesing word, sou die musikant(e) wel toegang tot die liedere gehad het deurdat die gemeente self dan die liedere sou beskikbaar gestel het.

Item-nie-reaksie is 'n bron van kommer in enige self-geadministreerde aanlyn vraelys, aangesien respondente nie al die items kan/wil invul as hulle deur die vrae werk nie (Denscombe, 2009). Hierdie probleem is aangespreek deur in die eersterondte-vraelys van die vrae as verpligtend te kodeer. Al hierdie vrae moes dus beantwoord word voordat respondente toegelaat is om na die volgende gedeelte van die vraelys te gaan. Dit kon lei tot 'n hoë uitvalsyfer, aangesien sommige respondente 'gedwing' kan voel om al die vrae te voltooi (Dodge & Chapman, 2018). Tourangeau, Conrad en Couper (2013) het egter aangedui dat verpligte kodering van antwoorde nie die uitvalsyfer aansienlik verhoog nie.

Vicente en Reis (2010) het bevind dat die lengte en die visuele aanbieding van 'n vraelys 'n beduidende impak op die uitvalsyfer kan hê. Soos voorheen genoem, was daar drie vraelyste wat die paneel kundiges oor 'n tydperk van twee maande moes beantwoord. Die eerste elektroniese vraelys vir hierdie navorsingsprojek het ongeveer 20 tot 30 minute geneem om te voltooi, maar met die opeenvolgende vraelyste het die tyd wat dit geneem het om die vraelys te voltooi elke keer minder geword, aangesien die steekproef van kerkliedere ook kleiner geword het. Na aanleiding van die hoë gemiddelde responskoers (81,98% – kyk afdeling 4 van die artikel) is dit duidelik dat die lengte van die vraelyste nie 'n deurslaggewende rol in die uitvalsyfer gespeel het nie.

Sosiale wenslikheidsvooroordeel verwys na die vooroordeel in reaksies wat veroorsaak word deur respondente se begeerte om 'n gunstige indruk by die navorser te skep (Zikmund et al., 2013). Sommige respondente kan sosiaal wenslike gedrag of houdings oorrapporteer. Verskeie navorsers het egter opgemerk dat sosiale wenslikheidsvooroordeel minder gereeld in self-geadministreerde aanlyn vraelyste voorkom as in die gebruik van die ondervragingsopnames (Heerwegh & Loosveldt, 2008). Krumpal (2011) wys daarop dat sosiale wenslikheidsvooroordele meer waarskynlik is in opnames wat betrekking het op 'ongewenste gedrag'.

Selfseleksiesydigheid kan ook voorkom in die gebruik van die aanlyn vraelyste wat in die navorsingsporjek gebruik is (Zikmund et al., 2013). Hierdie vooroordeel kom voor wanneer respondente wat sterk oor 'n onderwerp voel dan meer geneig is om aan 'n studie deel te neem.

### 3.4 Etiese klaring

Wat etiese oorwegings betref, is die navorsingsprojek as 'lae risiko' geklassifiseer.

Die doel van die navorsingsprojek en die voordele van deelname aan die projek is duidelik uiteengesit in 'n persoonlike e-pos wat aan die onderskeie respondente gestuur is met die skakel na die elektroniese vraelyste.

Die elektroniese toestemmingsvorm wat alle vraelyste vergesel het, het duidelik aangedui dat deelname aan die studie vrywillig was en dat geen individu op enige manier negatief geaffekteer sou wees indien hy/sy nie wou deelneem nie.

### 3.5 Navorsingsmetode

Soos vroeër genoem, is daar van die Delphi-tegniek in hierdie studie gebruik gemaak. Die Delphi-tegniek is 'n pragmatiese navorsingsmetode wat in die 1950's deur navorsers van RAND Corporation geskep is vir gebruik in beleidmaking en organisatoriese besluitneming (Brady, 2015).

Skulmoski, Hartman en Krahn (2007) beskou die Delphi-tegniek as 'n iteratiewe proses ten einde anonieme oordele van kundiges te versamel en distilleer deur die gebruikmaking van 'n reeks data-insameling- en ontledingstegnieke wat afgewissel word met terugvoer. Skulmoski et al. (2017) asook Rowe en Wright (1999) het ook aangedui dat die Delphi-tegniek goed werk om veral voorspellings te ontwikkel – net soos in die geval van hierdie navorsingsprojek waar die navorser probeer vasstel het wat die mees geliefde kerklied in Afrikaanssprekende gemeentes is.

Kezar en Maxey (2016) beklemtoon dat die Delphi-tegniek veral geskik is om komplekse probleme op te los wat die aandag van verskeie belangegroepe vereis. In die geval van hierdie navorsing is dit so van toepassing, aangesien die Kerk ook uit veelvlakkige belangegroepe bestaan.

Die Delphi-tegniek kan as 'n liniêre navorsingsproses gesien word, aangesien dit staatmaak op 'n reeks vraelyste wat aan 'n geselekteerde paneel van kundiges versprei word en wat deur 'n navorsingskoördineerder (in die geval, die outeur) bestuur word. Nadat 'n vraelys in die eerste rondte voltooi is, gee die navorsingskoördineerder respondente anonieme terugvoer oor response wat deur die paneellede verskaf is. Paneellede kan oor hierdie terugvoer besin en hul menings heroorweeg en dienooreenkomstig daarop in die daaropvolgende vraelyste reageer. Hierdie proses van afwisselende vraelyste en gekontroleerde opinie-terugvoer, gaan voort totdat 'n gewenste vlak van konsensus deur die respondente bereik word of totdat die menings oor die onderskeie opnamerondtes

stabiel is (gewoonlik drie) (Hirschhorn, 2019; Sekayi & Kennedy, 2017).

Rowe en Wright (1999) het vier kern-elemente in 'n Delphi-opname geïdentifiseer:

**Anonimiteit:** om anonieme menings te gee en vry te wees van direkte interaksie met ander respondente moet paneellede toegelaat word om hulself vrylik uit te spreek sonder enige invloed van potensiële dominante figure of groepskonflikte. Menings en argumente word dus slegs op grond van hul meriete beoordeel.
**Herhaling:** die veelvuldige rondtes in 'n Delphi-proses laat paneellede toe om hul eie oordeel te beoordeel en, gegewe die anonimiteit van die proses, vroeëre response te heroorweeg.
**Beheerde terugvoer:** na elke rondte word paneellede met die groep se menings gekonfronteer en aangemoedig om hul eie response te herevalueer. Hierdie terugvoer word normaalweg deur middel van statistiese ontleding op grond van saamgestelde response aangebied. Dit is ook moontlik om in hierdie terugvoer 'n paar anonieme teks-argumente in te sluit ter ondersteuning van sekere opinies.
**Statistiese samevoeging van groepsresponse:** aan die einde van die opname word die mening van die groep beskou as die statistiese gemiddelde van die saamgestelde menings/response van al die paneellede in die finale rondte.

Volgens Keeney, Hasson en McKenna (2001) is dit egter duidelik dat volledige anonimiteit nie in 'n Delphi-tegniek-studie gewaarborg kan word nie. Hul staaf hul stelling met redes dat (i) die navorsingskoördineerder volledige toegang het tot die paneellede en hul antwoorde; en (ii) dikwels ken paneellede mekaar. In hierdie navorsingsprojek het die navorser egter seker gemaak dat hierdie 'risiko's' bestuur word en dat die onderskeie response totaal anoniem in die data-analise hanteer is.

## 4. DIE ONTWERP VAN DIE VRAELYSTE EN KEUSE VAN PANEELLEDE

### 4.1 Die keuse van die paneel van kundiges

Die keuse van die paneel van kundiges was 'n belangrike stap in hierdie navorsingsproses om sodoende te verseker dat 'n wye hoeveelheid kennis onderling verteenwoordig word deur die onderskeie paneellede (Hirschhorn, 2019).

Om seker te maak dat die algehele navorsingsprojek sy geldigheid en betroubaarheid behou, het die navorser die amptelike ledelys van SAKOV in die samestelling van die paneel van kundiges gebruik. Data, soos by SAKOV bekom, het aangedui dat die navorser oor die inligting van 564 lede beskik. Data is toe egter 'skoongemaak' wat behels het dat lede sonder e-posadresse uitgelaat is. Dit het die navorser met 'n SAKOV-teikenpopulasieledetal van 459 respondente gelaat. Ten einde die populasie van potensiële respondente te vergroot, het die navorser addisionele inligting van kundiges bekom asook potensiële paneellede gevra om inligting oor ander kollegas en vriende aan die navorser te stuur wat nie noodwendig SAKOV-lede was nie en wat moontlik deel sou wou wees van die navorsingsprojek. Dit het die teikenpopulasie tot 592 moontlike paneellede vergroot.

Vervolgens het die navorser van 'n gestratifiseerde steekproef gebruik gemaak om die ewekansigheid van potensiële paneellede te verseker. Dit het onder andere beteken dat die paneel van kundiges moes bestaan uit 'n beduidende steekproef van leraars, orreliste, pianiste, musiekkoördineerders, musiekleiers, lede van instrumentale begeleidingsgroepe (*bands*) en kerkmusiekkenners gekies vanuit die onderskeie SAKOV-streke (dit sluit al die provinsies in Suid-Afrika in asook SAKOV-lede in Namibië). Nadat al die inligting in 'n databasis ingevoer is, het die navorser op 'n finale steekproef van 199 potensiële paneellede besluit.

## 4.2 Ontwerp van die vraelyste

Soos vroeër genoem, het die navorser in die beplanning van die vraelys van vier bronne gebruik gemaak wat as die populasie vir die onderskeie kerkliedere in Afrikaanssprekende gemeentes sou dien. Dit het ingesluit 150 Psalms, 452 Gesange/Liedboekliedere en 79 Skrifberymings uit die *Liedboek van die Kerk* (2001) en die *Psalmboek* (2003) sowel as alle beskikbare *VONKK*-liedere (422) en *FLAM*-liedere (565) soos aanlyn gepubliseer aan die einde van Mei 2020.

Tot en met einde Mei 2020 was daar dus meer as 1 660 'amptelike' kerkliedere (volgens die bronne wat vroeër in Afdeling 2 beskryf is) wat moontlik in Afrikaanssprekende gemeentes gesing kon word. Dit is derhalwe onmoontlik om 'n steekproef van liedere uit so 'n groot populasie saam te stel. Die navorser het dus op grond van meer as 30 jaar ondervinding as kerkorrelis deur al hierdie potensiële kerkliedere gewerk en die werkbare steekproef van liedere verminder tot 653 of 39,2% van die populasie. Dit het bestaan uit 57 Psalms, 249 Gesange/

Liedboekliedere, 130 VONKK-liedere en 217 FLAM-liedere. Hierdie steekproef van kerkliedere het nie die *Skrifberymings* ingesluit nie, aangesien die navorser nie bekend was met die gebruik van die liedere in die Gereformeerde Kerk nie. Paneellede wat verbonde is aan die Gereformeerde Kerk is dus versoek om spesifiek van hulle gunsteling-*Skrifberymings* in die eerste vraelys te noem.

Omdat die navorsingsprojek spesifiek gekyk het na die bepaling van die mees geliefde *algemene* kerklied, het die vermindering van kerkliedere onder andere die volgende ingesluit: (i) die verwydering van alle spesifieke Kers- en/of Paasliedere; (ii) liedere wat dalk die afgelope jaar of so nog nooit in die navorser se gemeente gesing is nie; asook (iii) alle nuwe VONKK- en FLAM-liedere wat gemeentes tot op daardie stadium nog nie sou aangeleer het nie. Die vraelys het egter respondente toegelaat om *enige* kerklied wat nie in die eerste vraelys voorgekom het nie, wel te nomineer vir insluiting in die finale steekproef.

Die eerste vraelys het dus bestaan uit 'n afdeling wat die demografiese inligting van die respondente versoek het. Die verdere twee vraelyste het nie weer van respondente verwag om demografiese inligting te verskaf nie. Vervolgens is die respondente versoek om hul gunsteling-Psalms, -Skrifberymings, -Gesange, -VONKK- en -FLAM-liedere aan te dui. Daar is ook oop vrae aan respondente gegee waarin hulle enige liedere wat nie in die vorige lyste opgeneem is nie, kon gee.

Alle vraelyste is met behulp van aanlyn sagteware (*Google Forms*) geadministreer. Data wat deur die vraelyste opgeneem is, is direk in 'n aparte aanlyn lêer gestoor. Dit het beteken dat dit nie vir die navorser nodig was om enige vraelys per hand te kodeer nie wat ook beteken het dat koderingsfoute sodoende uitgeskakel is.

## 4.3 Verspreiding van die onderskeie vraelyste

Vir die doeleindes van hierdie navorsingsprojek, het die navorser uitsluitlik gesteun op tegnologie wat hom kon help met die insameling en berging van velddata. Al die vraelyste vir die onderskeie fases van die navorsing is voorberei en aangebied op *Google Forms,* wat ook beteken het dat die insameling van die data elektronies kon geskied.

Individuele, persoonlike e-posboodskappe is aan elke respondent op die lys van potensiële paneel van kundiges gestuur wat duidelik die doel en werkswyse van

die navorsing verwoord het. Respondente kon dan net op 'n skakel in die e-pos kliek wat hulle dan na die onderskeie vraelyste in *Google Forms* geneem het.

Oor die twee maande van data-insameling het die navorser minder as 10 e-posse ontvang van respondente wat 'n tegniese probleem met die vorm en/of die vrae gehad het. Waar moontlik het die navorser dan die respondent gehelp om die probleem uit te stryk om sodoende die respondent te kry om die vraelys te voltooi.

### *4.3.1 Vraelys 1 – Loodsstudie*

Voordat die eerste vraelys aan die gekose paneel van kundiges gestuur is, het die navorser 21 lede van die paneel van kundiges gekies om as 'n loodsstudie deur die vraelys te werk. Uit die e-posuitnodigings wat uitgestuur is (wat ingesluit het 'n opvolg-e-pos wat 'n week na die oorpronklike gestuur is), het 16 respondente aangedui dat hulle in die paneel van kundiges aan die loodsstudie sal deelneem, maar slegs 14 (76,2%) het uiteindelik die vraelys voltooi. Ooglopende foute en/of tekortkominge is deur hierdie respondente uitgewys en deur die navorser verbeter vir insluiting in die finale vraelys.

Verder het die loodsstudie uitgewys dat daar nog steeds liedere in die steekproef verskyn het wat glad nie aanklank by respondente gevind het nie. Nadat die bestaande liedere verminder is, het die steekproef van liedere nou bestaan uit 51 Psalms, 39 Skrifberymings, 221 Gesange/Liedboekliedere, 129 VONKK-liedere en 216 FLAM-liedere vir 'n totaal van 617 kerkliedere of 36,9% van die populasie.

### *4.3.2 Vraelyste 1 tot 3 aan die paneel van kundiges*

**TABEL 1** verskaf 'n samevatting van die proses wat gevolg is om die paneel van kundiges uit te nooi.

**TABEL 1: Uitnodigings aan potensiële respondente om as 'n lid in die paneel van kundiges vir die navorsingsprojek te dien**

| | | |
|---|---|---|
| **Getal e-posuitnodigings gestuur** | 182* | |
| **Getal opvolg-e-posuitnodigings gestuur** | 125 | |
| **Respons (*n*) op uitnodiging om as lid van die paneel van kundiges te dien** | JA | 84 (47,19%)** |
| | NEE | 31 (17,42%) |
| | GEEN RESPONS | 63 (35,39%) |

*Bron: Samevatting deur outeur*

* uitgesluit e-posuitnodigings aan die loodsstudie-paneel
** % van die uitnodigings uitgestuur

Soos aangedui in **TABEL 1** is daar 182 persoonlike e-posboodskappe aan potensiële respondente gestuur. 'n Opvolg e-pos is een week na die oorspronklike e-pos uitgestuur om net die respondente te herinner om die elektroniese toestemmingsvorm te voltooi.

In baie van die gevalle het die navorser e-posse van respondente ontvang wat baie opgewonde en geneë was oor die moontlikheid om aan die navorsing te kon deelneem.

> *"Ek is baie opgewonde om deel te wees van hierdie projek! Sterkte daarmee." [Respondent #44]*

Van die respondente wat aangedui het dat hulle nie kan of wil deel wees van die navorsingsproses nie, het wel e-posboodskappe gestuur om hulle besluite te verduidelik. Een van die redes was die werksdruk waaronder van die respondente verkeer het na aanleiding van die grendeltyd waarin die land geplaas is as gevolg van die COVID-19 pandemie.

> *"Baie dankie vir die oorweging om deel te wees van die span. Ek is reeds*

*ook op ander vlakke by die Sinode se musiek betrokke, o.a. op die *** taakspan. Ek is op die oomblik onder geweldige werksdruk met die opneem en produksie van digitale eredienste wat oornag op ons stoep beland het." [Respondent #71]*

'n Ander rede vir nie-deelname was dat die respondente nie enige kennis gedra het van die kerkliedere wat binne die Afrikaanssprekende gemeentes gesing word nie.

*"Baie dankie vir die aanstuur van inligting oor die beoogde navorsingsprojek. Ek sal ongelukkig nie sinvol kan deelneem nie, aangesien my man en ek (ons is albei orreliste) reeds bykans 25 jaar binne die Anglikaanse en ander Engelstalige kontekste kerkgaan en as orreliste bydra – ek het dus werklik geen idee meer oor gangbare of gewilde liedere binne die Afrikaanse kerke nie." [Respondent #94]*

*"Baie dankie vir jou uitnodiging. Ek moet jou meedeel dat ek as ... Lutheraan baie selde in Afrikaanse eredienste kom en dus nie bevoeg is om op enige vlak aan jou peiling deel te neem nie. Ek hoop jy sal verstaan." [Respondent #91]*

Verskeie respondente het ook hulle onwilligheid aangedui omdat die fokus op die totale genre van die Afrikaanse kerklied was. Verskeie respondente het gevoel dat die vernuwing van die kerklied net kan plaasvind as daar nou uitsluitlik op VONKK- en FLAM-liedere gefokus word.


*"Dit klink vir my na te veel moeite vir 'n oefening wat nie 'n groot bydrae gaan maak wat die gebruik van die veelvuldige liedereskat betref nie. My mening is dat ons in hierdie era eerder die verskillende spiritualiteite van gemeentes erken en waardeer en probeer "uitbou". Dit sou dus (vir my) van groter waarde wees om te probeer vasstel wel watter liedere gemeentes sing, maar ten einde dan blootstelling te gee aan nuwe en onbekende liedere. Ek stem saam dat die besluitnemers (orreliste, musiekdirekteurs en liturge in gemeentes) kan ly aan keuseverlamming wanneer liedere gekies word, maar gee (na my mening) eerder blootstelling aan méér opsies as dat 'n mens suggesties maak van watter liedere ander gemeentes die graagste sing... Met laasgenoemde verskraal jy eerder die ontwikkeling en uitbreiding van ons liedereskat." [Respondent #69]*

# 5. DATA-ONTLEDING


In hierdie afdeling van die artikel word 'n statistiese samevatting van die uitkomste weergegee, gebaseer op die paneelkeuse asook die konsensusbesluite van die keuse van kerkliedere.

## 5.1 Paneel van kundiges

Die volgende figure dui van die belangrikste beskrywende statistiek oor die gekose paneel van kundiges aan.





**FIGUUR 1: Geslag van paneellede**
*Bron: Analise deur outeur*




**FIGUUR 2: Ouderdom van die paneellede**
*Bron: Analise deur outeur*

Uit **FIGURE 1** en **2** kom dit duidelik na vore dat die meerderheid van die paneellede (53,6%) manlik is en dat die mediaan-ouderdom van die paneellede tussen 57 en 63 jaar is.





**FIGUUR 3: Kerkverband van paneellede**
*Bron: Analise deur outeur*

Volgens **FIGUUR 3** is die meerderheid van die paneellede (69,1%) verbonde aan die NG Kerk. Die drie paneellede wat 'n kerkverband as 'Ander' aangedui het, is verbonde aan die Nuwe Apostoliese, Ou Apostoliese en Anglikaanse Kerke.

### TABEL 2: Huidige rol of betrokkenheid van paneellede

| Rol | Getal |
|---|---|
| Ek is 'n aflos-orrelis | 3 |
| Ek is 'n aflos-pianis | 1 |
| Ek is 'n dosent | 1 |
| Ek is 'n lidmaat in die gemeente en 'n predikant | 1 |
| Ek is 'n lidmaat in die gemeente | 5 |
| Ek is die leraar van die gemeente | 15 |
| Ek is die musiekleier/-direkteur asook die orrelis | 16 |
| Ek is die musiekleier/-direkteur asook die pianis | 3 |
| Ek is die orrelis | 32 |
| Ek is die pianis | 2 |
| Ek is lid van die instrumentale begeleidingsgroep (*band*) | 3 |
| Ek is nie enigsins betrokke by 'n gemeente of ander religieuse instansie nie | 1 |
| Ek is 'n tentmakerleraar | 1 |


*Bron: Samevatting deur outeur*




**FIGUUR 4: Rolle van paneellede**

*Bron: Analise deur outeur*

Volgens **TABEL 2** en **FIGUUR 4** is die meerderheid van die paneellede (38,1%) orreliste in hul onderskeie gemeentes terwyl 16 respondente (19%) aangedui het dat hulle die musiekleier/-direkteur asook die orrelis van die gemeente is.




**FIGUUR 5: Aantal jare van betrokkenheid deur die paneellede**

*Bron: Analise deur outeur*

**FIGUUR 5** dui daarop dat die meerderheid van die paneellede al vir tussen 8 en 16 jaar lank betrokke by hul onderskeie huidige gemeentes is.

**TABEL 3: Begeleidingsmodus in die gemeentes van die onderskeie paneellede**

| | **Frekwensie** | **Persentasie** | **Kumulatiewe persentasie** |
|---|---|---|---|
| Gemeentesang word afwisselend deur die orrel en die instrumentale begeleidingsgroep begelei | 6 | 7,1 | 7,1 |
| Gemeentesang word afwisselend deur die orrel en die klavier begelei | 9 | 10,7 | 17,9 |
| Gemeentesang word afwisselend deur die orrel, klavier/klawerbord en die instrumentale begeleidingsgroep begelei | 13 | 15,5 | 33,3 |
| Gemeentesang word deur die instrumentale begeleidingsgroep begelei | 1 | 1,2 | 34,5 |
| Gemeentesang word deur die klavier/ klawerbord begelei | 1 | 1,2 | 35,7 |
| Gemeentesang word deur die orrel begelei | 38 | 45,2 | 81,0 |
| Gemeentesang word in kombinasie deur die klavier/klawerbord en die instrumentale begeleidingsgroep begelei | 4 | 4,8 | 85,7 |
| Gemeentesang word in kombinasie deur die orrel en die instrumentale begeleidingsgroep begelei | 3 | 3,6 | 89,3 |
| Gemeentesang word in kombinasie deur die orrel, klavier/klawerbord en die instrumentale begeleidingsgroep begelei | 8 | 9,5 | 98,8 |
| TOTAAL | 84 | 100,0 | 100,0 |

*Bron: Samevatting deur outeur*

Net soos wat die meeste paneellede orreliste in hul onderskeie gemeentes is, so word die orrel ook by uitstek (45,2%) as begeleidingsmodus gebruik. Dit is opmerklik (**TABEL 3**) dat die begeleidingsmodus wat die tweede meeste na vore gekom het (15,5%), die afwisselende gebruik van die orrel, klavier/klawerbord en die instrumentale begeleidingsgroep is.

**TABEL 4** dui 'n samevatting aan van die responskoerse wat deur die onderskeie drie vraelyste bereik is.

**TABEL 4: Samevatting van die respons op die onderskeie vraelyste**

| | VRAELYS 1 | VRAELYS 2 | VRAELYS 3 |
|---|---|---|---|
| **Getal e-posuitnodigings gestuur** | 84* | 100** | 88** |
| **Getal opvolg-e-posuitnodigings gestuur** | 34 | 51 | 15 |
| **Getal response ontvang** | 72*** (85,71%) | 75 (75,00%) | 75 (85,23%) |

*Bron: Samevatting deur outeur*


* uitgesluit uitnodigings aan die loodsstudiepaneel
** ingesluit uitnodigings aan die loodsstudiepaneel
*** % van die uitnodigings uitgestuur

Met die onderskeie vraelyste wat in die drie rondtes aan die paneel van kundiges gestuur is, was die responskoers groter as 75% met 'n gemiddeld van 81,98%. Literatuur is nie baie duidelik oor wat beskou kan word as 'n 'goeie' responskoers met die gebruik van die Delphi-tegniek nie. Omdat die gebruik van die metode so tydrowend is, is dit gewoonlik aanvaarbaar om 'n lae responskoers te kry. Keeney et al. (2001:197) het egter opgemerk "... It is difficult to retain a high response rate within a 'Delphi' that has many rounds. The topic needs to be of great interest to the panel members or they have to be rewarded in other ways ...". Sumsion (1998) het 'n responskoers van 70% as 'goed' aangedui.

Hsu en Sandford (2007) is duidelik in hul opmerking dat wanneer die Delphi-tegniek gebruik word, moet navorsers nie net 'n wenslike responskoers in die eerste rondte behaal nie, maar moet hulle ook daarop let om hoë responskoerse in die

volgende rondtes te handhaaf. In die geval van hierdie navorsingsprojek was dit wel die geval omdat die responskoers konstant bo 75% was. Dit is egter duidelik in gesprekke met van die respondente na die tyd dat die grendeltyd en die gevolge van COVID-19 moontlik bygedra het tot die hoë responskoers omdat respondente, byvoorbeeld dalk nie op daardie stadium voltyds in diens was nie of tyd gehad het om aan die navorsing te kon deelneem.

**FIGUUR 6** dui skematies 'n samevatting aan van hoe die navorser te werk gegaan het om die eerste twee fases van die navorsingsprojek te administreer. Dit verskaf ook 'n opsomming van die responskoers wat in die onderskeie rondtes verkry is.




**FIGUUR 6: Vloeidiagram ter illustrasie van die onderskeie opnamerondtes in die Delphi-studie**

* By Vraelyste 2 en 3 sluit *n* die loodsstudie respondente in

## 5.2 Keuse van kerkliedere

In **TABEL 5** word die konsensusbesluite oor die keuse van kerkliedere vir insluiting in die finale steekproef, wat gebruik is as deel van Fase 3 van die navorsing, uitgelig.

TABEL 5: Konsensusbesluite oor die keuse van kerkliedere om in te sluit as deel van die steekproef

| | VRAELYS 1 | VRAELYS 2 | VRAELYS 3 | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal liedere ingesluit** | Getal verkose liedere*** | Getal verkose liedere*** | |
| Psalms | 51 | 32 | 12 | **10** |
| Gesange/ Liedboekliedere* | 221 | 119 | 63 | **24** |
| VONKK-liedere | 129 | 50 | 28 | **22** |
| FLAM-liedere | 216 | 47 | 17 | **19** |
| TOTAAL | 617 | 248 | 120 | **75** |
| Totaal as % van die oorspronklike populasie | 38,83% | 15,61% | 7,55% | **4,72%** |

*Bron: Samevatting deur outeur*

* Waar moontlik is *Skrifberymings* met dieselfde melodie hierby ingesluit.
** Die steekproef van liedere wat hier ingesluit is, het as deel van die loodsstudie na vore gekom.
*** Die aantal verkose liedere per vraelys is gegrond op 'n konsensusbesluit van die paneel van kundiges. Hierdie liedere is dan in die volgende vraelys as deel van die steekproef ingesluit waaruit die paneel kon kies.

# 6. SAMEVATTING

Die doel van hierdie artikel was om die proses wat gevolg is om 'n konsensussteekproef van geliefde kerkliedere te bepaal, vir gebruik in 'n verdere opname om die mees geliefde kerklied in Afrikaanssprekende gemeentes te bepaal. Die volledige navorsingsprojek is in drie fases verdeel waarvan hierdie artikel net terugvoer gegee het oor die eerste twee fases van die proses.

Omdat daar van die Delphi-tegniek in die navorsing gebruik gemaak is, was dit noodsaaklik dat 'n liniêre navorsingsproses gevolg is waardeur respondente as

deel van 'n paneel van kundiges in drie opeenvolgende vraelyste elke keer 'n ingeligte, konsensusbesluit kon neem oor hulle onderskeie geliefde kerkliedere.

Indien daar net op grond van die responskoers besluit moet word of die navorsing geslaagd was al dan nie, kan die hoë gemiddelde responskoers vir die drie vraelyste van amper 90% net daarop dui dat dit wel geslaagd was. Al was dit nie die doel van hierdie artikel om terugvoering te gee oor Fase 3 van die navorsingsproses nie, het die keuse van kerkliedere op grond van die konsensusbesluite wat uit hierdie fases van die navorsingsproses voortgevloei het, 'n baie goeie responskoers verskaf. Dit is ook duidelik uit data wat uit die derde fase van die navorsingsproses verkry is, dat hierdie projek om die mees geliefde kerklied in Afrikaanssprekende gemeentes te bepaal, werklik 'n debat onder lidmate ontketen het.

Die navorsingsproses asook die resultate in die bepaling van die 'gunstelingkerklied' uit hierdie steekproef, sal in 'n verdere artikel bespreek word. Die navorser gaan ook poog om resultate van die algehele navorsingsproses by verskeie streeksvergaderings van SAKOV met lede te deel.

# BRONNELYS


Brady, S.R. 2015. Utilizing and Adapting the Delphi Method for Use in Qualitative Research. *International Journal of Qualitative Methods*, pp. 1-6. https://doi.org/10.1177/1609406915621381.

Collis, J. & Hussey, R. 2009. Business Research: A Practical Guide for Undergraduate and Postgraduate Students, 3rd ed. New York, NY: Palgrave Macmillan.

Couper, M.P., Kapteyn, A., Schonlau, M. & Winter, J. 2007. Noncoverage and nonresponse in an internet survey. *Social Science Research, 36(1)*131-148.

Denscombe, M. 2009. Item non-response rates: A comparison of online and paper questionnaires. *International Journal of Social Research Methodology,12(4)*:281-291.

Dodge, N. & Chapman, R. 2018. Investigating recruitment and completion mode biases in online and door to door electronic surveys. *International Journal of Social Research Methodology, 21(2)*:149-163.

Fan, W. & Yan, Z. 2010. Factors affecting response rates of the web survey: A systematic review. *Computers in Human Behavior, 26(2)*:132-139.

FLAM. (2020). Aanlyn beskikbaar: http://flam.co.za.

Heerwegh, D. & Loosveldt, G. 2008. Face-to-face versus web surveying in a high-internet-coverage population differences in response quality. *Public Opinion Quarterly, 72(5)*:836-846.

Heyns, C. 1988. Wat skort met ons kerkmusiek? *Vir die Musiekleier, 8*:19-28.

Hirschhorn, F. 2019. Reflections on the application of the Delphi method: lessons from a case in public transport research. International Journal of Social Research Methodology, 22(3):309-322. https://doi.org/10.1080/13645579.2018.1543841.

Hsu, C-C. & Sandford, B.A. 2007. Minimizing Non-Response in the Delphi Process: How to Respond to Non-Response. *Practical Assessment, Research, and Evaluation, 12(17)*:1-5.

Huisamen, E. van N. (1997). *Kom ons sing die kerk weer vol.* Kaapstad: Lux Verbi.

Keeney, S., Hasson, F. & McKenna, H.P. 2001. A critical review of the Delphi technique as a research methodology for nursing. *International Journal of Nursing Studies, 38*: 195-200.

Kezar, A. & Maxey, D. 2016. The Delphi technique: An untapped approach of participatory research. *International Journal of Social Research Methodology, 19(2)*:143-160.

Kloppers, E.C. 2003. Vernuwing in die Kerklied: Die Liedboek van die Kerk (2001). *Acta Theologica, 1*:71-82.

Kruger, D. 2007. "A high degree of understanding and tolerance": veranderende denke oor die moderne gereformeerde kerklied. *Koers 72(4)*:649-669.

Krumpal, I. 2013. Determinants of social desirability bias in sensitive surveys: A literature review. *Quality & Quantity, 47(4)*:2025-2047.

Liedboek. 2001. *Liedboek van die Kerk vir gebruik by die erediens en ander byeenkomste*. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.

New Apostolic Church. 2017. *A new Afrikaans hymnal.* https://nac.today/en/a/503608.

Papenfus, A.F. 1994. *'n Waardebepaling van die nie-amptelike, informele kerklied soos gesing in die erediens in gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die PWV.* Ongepubliseerde M.Mus.-verhandeling. Pretoria: UNISA.

Psalmboek. 2003. *Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberyminge in die gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Wellington: NG Kerk-Uitgewers.

Rowe, G. & Wright, G. 1999. The Delphi technique as a forecasting tool: Issues and analysis. *International Journal of Forecasting, 15(4)*:353-375.

Sekayi, D. & Kennedy, A. 2017. Qualitative Delphi Method: A Four Round Process with a Worked Example. *The Qualitative Report, 22(10)*:2755-2763.

Skulmoski, G.J., Hartman, F.T. & Krahn, J. 2007. The Delphi Method for Graduate Research. *Journal of Information Technology Education, 6*:1-21.

Sumsion, T. 1998. The Delphi technique: An adaptive research tool. *British Journal of Occupational Therapy 61(4)*:153-156.

Temmingh, R. 1993. Kerkmusiek in krisis. *Vir die Musiekleier, 13*:17-19.

Tourangeau, R., Conrad, F.G. & Couper, M.P. 2013. *The science of web surveys.* New York, NY: Oxford University Press.

Troskie, A. 1992. Tot hier toe en nie verder met ons kerkmusiek. *Vir die Musiekleier,12*:46.

Van der Merwe, J. 1995. "Kitsch" in die kerk? – oor vernuwing en vervlakking in ons Kerkmusiek. *Vir die Musiekleier, 15*:4-10.

Van Rooy, J. 2013. Die kerklied en kommunikasie deur woord en melodie. *In die Skriflig/ In Luce Verbi 47(1)*, Art. #82, 9 bladsye. https://doi.org/10.4102/ids.v47i1.82.

Van Wyk, D. 1983. Kriteria vir die kerklied. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies, 39(1)*:65-73. https://doi.org/10.4102/hts.v39i1.4278.

Vicente, P. & Reis, E. 2010. Using questionnaire design to fight nonresponse bias in web surveys. *Social Science Computer Review, 28(2)*:251-267.

Viljoen, A.M. 2006. Die waarde en funksie van liturgiese musiek. *Dutch Reformed Theological Journal / Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 47(3 & 4)*:760-772.

VONKK (Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek). (2020). Aanlyn beskikbaar: http://vonkk.kerkmusiek.co.za.

Zikmund, W.G., Babin, B.J., Carr, J.C. & Griffin, M. 2013. *Business Research Methods, 9th ed.* Mason, OH: South-Western Cengage Learning.